**Deserisé Cocklin-Viljoen**

**SAV027**

- Teksredigeerder
- Proefleser
- Spookskrywer
- Vertaler: Engels na Afrikaans
- Digter
- Skryfster
- Vertolking van stemrolle
- Voordraer en voorleser

Stilfontein (Noordwes) Suid-Afrika

0783203459

deserise@live.co.za

**Professioneel**

Boekmanuskripte, digbundels, bemarkingsmateriaal, vertolking van stemrolle, voordraer en voorleser.

**Taalvaardigheid**

Afrikaans en Engels

**Spesialiteitsveld**

Redigering en proeflees van tekste of manuskripte, vertaling van Engels na Afrikaans, voordraer en voorleser.

**Beroep**

Vryskutproefleser, -redigeerder, -voordraer en -voorleser, -vertaler, skryfster, digter.

**Ondervinding/CV**

Ek het matriek met verskeie onderskeidings geslaag, het ’n graad in kommunikasiekunde (NWU) en het NGOS deur Unisa (intermediêr en senior) studeer. Ek is geregistreer by SACE en het verskeie jare skoolgehou as Afrikaansonderwyseres en graadkoördineer (huis- en addisionele taal). Ek het ook ander vakke aangebied en was ook ’n deeltydse lektrise by Damelin van geleentheidsbeplanning.

Ek was as kind en onderwyseres by vele skoolkoerante, debattering, redenaars, atkv-tienertoneel, sêr en revue betrokke.

Ek het ’n kinderboekskryfkompetisie (aangebied deur SA Kinderboekskrywers) gewen en verskeie van my gedigte is in gesamentlike digbundels gepubliseer, onder andere *Stemme uit die Suiderland XV*, *Inkspraak 2 Volwasse Digters* en *Nocturnal Nuances Anthology of Verse* (Poetry institute of Africa). Een van my gedigte is ook op LitNet, *Vrugte vir my siel en vlees*, gepubliseer.

Ek het ’n teksredigeringskursus (Afrikaans) aangebied deur Leoni Benghiat (SA Vryskutskrywer) voltooi. Ek voltooi ook ’n daaropvolgende verfrissingseksamen en slaag met 100 %. Ek het ook ’n teksredigeringswerkwinkel (Afrikaans) en ook ’n AWS-werkwinkel voltooi wat deur die Virtuele instituut vir Afrikaans (VivA) aangebied is.

Van my gedigte is in die *L’Art Poétique Ingrid Jonker Bloemlesing* opgeneem wat deur Minimal Press uitgegee is.

My kinderboek *Deurmekaarbos se Sonstraaltjie* word deur Minimal Press gepubliseer en sal later vanjaar in boekwinkels beskikbaar wees.

Ek geniet Afrikaans, kultuur en alles wat daarmee saamgaan. Skryf en die werk met tekste en manuskripte is een van my gunstelingtydverdrywe.